# WAT SÊ MALEAGI VAN EGSKEIDING?

*deur*

PROF. H. P. WOLMARANS

(Mal. 2 - 10 - 16)

Die onbekende profeet wat die boek Maleagi geskryf het, het geleef in 'n donker tyd van die bestaan van die Joodse volk. Dit was min of meer in die jaar 470 v.C. dat hy skriftelik sy diepe bekommernisse uitgespreek het oor die godsdienstige en nasionale verval van die Joodse volk as volk van God. Die Jode het ongeveer 60-70 jaar vantevore teruggekeer uit Babilon met groot verwagtings en blink ideale t.o.v. 'n nuwe vrye volksbestaan, wat nog sou kom. Die profete van die ballingskap en so ook Haggai en Sagaria het 'n heerlike tyd vir die volk voorspel, terwyl de persoon van die komende Messias daar 'n belangrike plek inneem. Op hierdie stadium is die tempel van Serubbabel reeds lankal voltooi en ingewy, maar die voorspellings aangaande die Messias is nog nie vervul nie en die volk begin moedeloos word. Hulle begin glo dat Jahwê sy volk vergeet het en hulle nie meer lief het nie. Gevolklik sak die geloofslewe en so ook die nasionale lewe, wat gegrond was in die geloof dat Jahwê die God van Israel is en Israel sy eie volk.

Ons vind dus dat hierdie profeet opgetree het in 'n tyd van geestelike en nasionale depressie. Hy begin om die onveranderlike liefde van Jahwê vir sy volk te beklemtoon. Die volk is egter self die oorsaak, dat die liefde van God nie méér openbaar word nie. Met die grootste erns begin hy om die volk saam met sy geestelike leiers te wys op hulle sonde, hulle laksheid en selfgenoegsaamheid t.o.v. die erediens en op allerlei euwels. Agter dit alles lê die verswakking van die geloof in Jahwê as God van Israel. Die volk glo nie meer dat Jahwê dit ernstig met sy volk meen nie. Hy maak ook geen onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges nie, waarom dan so nougeset wees t.o.v. die onderhou van die erediens in die tempel en waarom nog so streng t.o.v. die verhouding tot die heidense volke rondom Palestina?

Een van die groot euwels, godsdienstig sowel as nasionaal en sosiaal, was dié t.o.v. die huwelikslewe onder die volk, die ontrouheid van die Joodse manne teenoor hulle Joodse vroue (Maleagi 2:10-16). Hierdie sewe verse toon ons die ernstige lig waarin die profeet die verwaarlosing van die huwelikslewe ge-

sien het. Verval van die geestelik-sedelike huisgesin bring ook mee die verval van die hele volk se godsdiens en nasiebesef.

Die gebrek aan 'n nugtere roepingsbesef het gemaak dat die volk nie meer bewus was nie van die noodsaaklike afsondering van alle ander volke, wat sedert die roeping van Abraham soos 'n silwerdraad loop dwarsdeur die hele geskiedenis van die volk. In sy korte maar kragtige uiteensetting wys die profeet op drie euwels in die huisgesin en die huislike lewe van die volk:

(a) Joodse manne trou sonder rede met heidense vroue,
(b) Joodse getroude manne laat hulle skei van hulle Joodse vroue net om in die geleentheid te kan wees om 'n heidense vrou te kan trou en
(c) Joodse manne maak hulle inderdaad skuldig aan veelwywery, terwyl die monogame huwelik in hierdie tyd blykbaar algemeen aanvaar was.

Maleagi wys met groot erns op die verkeerdheid van die huwelik met 'n uitlandse vrou, maar veel meer nog op die verkeerdheid van die egskeiding net om 'n nuwe uitlandse vrou te kan neem. In vers 16 beklemtoon hy dit nog meer: **Ek haat egskeiding sê die Here, die God van Israel.** En die rede hiervoor gee hy op 'n ietwat gewronge manier in verse 14 en 15. Dis hier waar die christelike opvatting van die huwelik sterk aansluit by Maleagi, soos wat dit ook uitgedruk word in ons huweliksformulier. Die vrou met wie die man in sy jeug 'n huwelik gesluit het, is sy bondgenoot. Hulle het nie alleen 'n verbond met mekaar aangegaan nie, maar saam ook 'n verbond met God.

Maar veral in vers 15 word dit sterk beklemtoon dat die huwelik 'n Gods-werk is. Soos wat Eva **in** die huwelik en **vir** Adam geskape is, só ook elke vrou van elke gelowige man. Hy het hulle een gemaak, soos wat Adam en Eva nie een geword het nie, maar een gemaak is. En waarom die eenheid? Omdat so alleen 'n geslag gebou kan word wat staan en bly staan in die diens van die Skepper-Heer.

Die woorde van Jesus in Mat. 19:6 moet dus gesien word in die nouste verband met Mal. 2:15. As dit so Gods wil in die begin was dat Adam meer as een vrou moes gehad het en so elke man na hom, dan sou Hy ook meer gemaak het. Maar dit was nie só sy wil nie.

Egskeiding is dus verbreking van die innerlike siele-eenheid wat gawe van God is, in verbreking van die groot misterie van die gelowige huwelik, soos die apostel dit sien. Maar daarby is volgens Maleagi die skei na hartelus en weer ander trou ook verbreking van die goddelike instelling van die monogame huwelik.